

20 Augustus

Skrifgedeelte: Galasiërs 2:1-21

Fokusgedeelte: Galasiërs 2:20

My dood is reeds agter die rug

Die natuurlike mens leef altyd in spanning met God. Dit blyk duidelik uit die eerste twee hoofstukke van Galasiërs waar die “ek” (mens) telkens teenoor Christus of God gestel word. Hierdie “ek” is nie net Paulus nie, maar alle Christene. Hierdie spanning sal bly voortbestaan so lank die mens hom voor God probeer handhaaf. Galasiërs 2:20 beskryf die enigste manier waarop daar ‘n einde aan hierdie spanning kan kom. Dit is alleen moontlik as die mens se ou lewe tot ‘n einde kom en ‘n nuwe lewe begin. Die ou mens moet sterf en die mens moet opnuut begin lewe.

Toe Kohlbrugge, ‘n bekende prediker, op sy sterfbed gelê het, het sy dogter hom gevra: “Is pa nie bang vir die dood nie?” Sy antwoord was: “Nee, my kind. Ek het al klaar gesterf, saam met Christus aan die kruis”. Vir hom was die dood reeds verby. Hiervan het Paulus by verskeie geleenthede getuig. Hy skryf met verwondering in Galasiërs 2:20: “Die Seun van God het my só liefgehad dat Hy Homself vir my oorgegee het”. Hy maak dit egter baie persoonlik. Hy sê dat Christus aan die kruis gehang het, maar ook: “Ek het saam met Christus aan die kruis gehang. Toe Hy op Golgota gesterf het, het ek ook daar gesterf”. Christus het hom in sy groot liefde saamgeneem. Eintlik moes Paulus self daar gehang het, maar Christus het in sy plek gely, gesterf en die oordeel gedra. Die ou sondige lewe wat met God wil stry, is dood!

Paulus gaan nog verder: Christus het ook uit die dood opgestaan. Maar by daardie geleentheid het Paulus ook uit die dood opgestaan. Christus het vir hom die nuwe lewe verwerf. Die nuwe mens is ‘n mens wat in ‘n innige verhouding met God leef. Paulus skryf: “Christus leef in my”. Dit doen God deur sy Gees.

Die vraag is of jy ook soos Paulus bely: “Ek is saam met Christus gekruisig. Ek leef nie meer nie, maar Christus leef in my”. As jy dit eerlik bely, kom daar ‘n einde aan jou sondige stryd teen God. Deur die werking van die Heilige Gees groei daar ‘n heilige verwondering in jou dat jou Heiland jou so liefgehad het dat Hy jou saamgeneem het op die kruis. Daarom het jy saam met Hom uit die dood opgestaan. Jy hoef nie die dood wat voorlê te vrees nie, want dit is in werklikheid al agter die rug. Lééf vandag hierdie nuwe lewe met oorgawe.

Sing: Psalm 73:10-11

Prof FP Viljoen (Potchefstroom)